

INVESTERINGSUITDAGING VIR 'N DINAMIESE
SUID-AFRIKA ¹⁾

Prof. S.J. Terreblanche

1. PROBLEEMSTELLING

Ek wil begin deur te sê wat ek met 'n "dinamiese Suid-Afrika" bedoel. Die meeste mense sal daaronder seker 'n Suid-Afrika met 'n vinnig groeiende volksproduk verstaan. Ek bedoel beslis nie dit daarmee nie. Dit is nie dat ek teen 'n hoë groeikoers gekant is nie. Intendeel. Maar 'n hoë groeikoers sonder meer kan van so 'n aard wees dat dit ons probleme nie oplos nie, maar eerder kan vererger. Wat my betref is die dinamiek van 'n dinamiese Suid-Afrika 'n veel-dimensionele dinamiek. Diegene wat net op die belangrikheid van 'n hoë groeikoers klem lê, loop gevaar dat hulle hul op een dimensie blind staar ten koste van die ander.

Ek bedoel met 'n "dinamiese Suid-Afrika" 'n Suid-Afrika wat ook beweeg in die rigting van 'n

- (a) regverdiger bestel vir al die mense van Suid-Afrika en
- (b) daarmee 'n bestel wat hopelik ook stabiel sal wees, en
- (c) waarin die voortbestaan en die kulturele bloei van die Westerse beskawing minder in gevaar gestel sal wees as wat vandag die geval is.

Ek stel dus belang in die investeringsuitdagings wat ons eenvoudig sal moet aanvaar as ons wil beweeg in die rigting van groter Sosiale Welvaart vir al die bevolkingsgroepe gesamentlik - en ek verstaan Sosiale Welvaart in 'n ruim of veel-dimensionele sin van die woord. As u van mening is dat die doel waarna ons behoort te streef iets anders is as die maksimisering van die Sosiale Welvaart van al Suid-Afrika se mense, dan is die investeringsuitdagings soos ek dit gaan definieer, nie vir u van belang nie. Dan kan u maar afskakel.

Maar as u met my saamstem dat die bevordering van die Sosiale Welvaart van al die bevolkingsgroepe die eintlike doel is waarna ons behoort te streef, dan hou dit sekere vanselfsprekende implikasies in. Indien ons 'n regverdiger bestel, en 'n stabiel bestel, 'n beskaafde bestel, met groter sosiale welvaart vir almal wil skep, dan sal dramatiese verbeterings ten opsigte van dinge soos die baie ongelyke verdeling van sowel die inkome as die produktiwiteit tussen die bevolkingsgroepe en die hoë peil van werkloosheid en onderindiensgenomendheid in anderkleurige geledere op 'n betekenisvolle wyse verminder moet word.

1) Voordrag gelewer by 'n beleggingseminaar te Kaapstad op 9 Augustus 1983.

Dit is belangrik dat ons telkens sal let op die groot armoede in Swart en bruin geledere. In 1980 het 51 persent van alle Swarthuishoudings (wat uit gemiddeld 6 persone bestaan) 'n maandelikse inkome van minder as R150 per maand (wat die minimum broodlyn is) ontvang en het 73 persent van die Swarthuishoudings 'n inkome van minder as R250 - d.w.s. minder as die aangevulde minimum lewenspeil - per maand ontvang. Die ooreenstemmende persentasies vir Kleurlinghuishoudings was 19 en 33 persent respektiewelik. Hierdie lae inkome is 'n baie duidelike refleksie van die relatief lae produksiekapasiteit van Swart- en Bruinmense.

Dit is nodig dat ek 'n stuk konvensionele wysheid (of is dit dalk fiksie) wat baie populêre inslag in veral sakekringe geniet, sal bevraagteken. Dit is die geloof dat 'n hoë ekonomiese groeikoers die goue sleutel bied tot die oplossing van ons ekonomiese, politieke en sosiale probleme. Daar is baie mense wat glo dat ons die nodige strukturele hervorminge - as ek so 'n groot woord kan gebruik - net sal kan aanbring as ons deurgaans 'n hoë groeikoers kan handhaaf. Hierdie benadering hou die gevaar in dat 'n hoë groeikoers die enigste doel word en dat die strukturele hervorming (ter wille waarvan dit bepleit word) uit die oog verloor word. Ek is daarvan oortuig dat ons by 'n stadium in ons geskiedenis gekom het, waar die verhouding tussen ekonomiese groei enersyds, en sosiale en politieke hervorming andersyds, eerder andersom is. Dit beteken dat ekonomiese groei nie meer (soos in die verlede) 'n instrument ter wille van volgehoue sosiale en politieke hervorming kan wees nie, maar dat ingrypende sosiale en politieke hervorming 'n noodsaaklike vóórvereiste is vir volgehoue ekonomiese groei en stygende welvaart oor lang termyn. As my scenario korrek is - nl. dat ons eers pynlike hervorming moet ondergaan voordat ons weer 'n hoë groeikoers kan handhaaf - dan is dit baie belangrik dat ons hierdie stuk harde werklikheid so gou as moontlik ernstig onder die oë sal sien. Dit is egter so teen die grein van die konvensionele wysheid dat ek bevrees is dat ons dit te laat - veels te laat - gaan besef.

Ek wil die ekonomiese probleem par excellence waarvoor ons te staan gekom het, kernagtig in die volgende nogal ironiese terme opsom:

Ons het 'n chroniese tekort aan geskoolde en leidinggewende arbeid én ons het 'n chroniese ooraanbod van ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid.

Boonop werk hierdie twee chroniese geneigdhede selfversterkend op mekaar in. Omdat daar nie voldoende geskoolde arbeid beskikbaar is nie, is

nyweraars geneig om al hoe meer kapitaalintensiewe investerings te maak en vind 'n steeds groter getal anderkleuriges dit moeilik om selfs in 'n groeiende ekonomie vaste werkgeleenthede te kry. Alle projeksies dui dan ook daarop dat albei hierdie chroniese neigings in die volgende 10 of 20 jaar gaan vererger en tesame daarmee ook die knyptangeffek wat dit uitoefen op ons vermoë om materiele welvaart te skep en veral om die materiele welvaart na wense te versprei tussen die verskillende bevolkingsgroepe. Ons investeringsbeleid - in die ruimste sin van die woord - moet dus daarop bereken wees om albei hierdie chroniese neigings so gou en so goed as moontlik te stuit: D.w.s. die investeringstrategie moet daarop bereken wees om die aanbod van geskoolde en leidinggewende arbeid vinnig te vermeerder en om die vraag na veral ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid dramaties te verhoog.

Prof. Sadie en die Eenheid van Toekomsnavorsing op Stellenbosch het sekere projeksies gemaak van wat die VRAAG en die AANBOD van verskillende kategorieë arbeid in die jaar 2000 gaan wees. Oor die korrektheid van die projeksie van die Aanbod kan daar nie twyfel bestaan nie, want die betrokke arbeiders is reeds gebore. Die projeksie van die vraag na arbeid berus op die veronderstelling dat die gemiddelde groeikoers in die tydperk 1980 - 2000 4,6 persent per jaar sal wees. Dit was die gemiddelde groeikoers vanaf 1960 tot 1980. Ek glo nie ons sal daarin slaag om so 'n gemiddelde groeikoers te verwesenlik nie. Slaag ons nie daarin nie, sal die geprojekteerde vraag na arbeid natuurlik baie kleiner en die omvang van werkloosheid en onderindiensneming baie groter wees as in die projeksies in Tabel I.

Volgens die projeksies sal die Totale Vraag na Arbeid in die moderne sektor styg van 7,1 miljoen in 1980 na 12,4 miljoen in die jaar 2000 (as die gemiddelde groeikoers 4,6 persent is). Wat die witkraag werkers alleen betref, sal dit styg van 1,1 miljoen in 1980 na 3,5 miljoen in 2000.

Die eerste belangrike vraag is of ons onderwys- en opleidingstelsel in staat is om 3,5 miljoen witkraagwerkers in die jaar 2000 te lewer. Prof. Sadie het bereken dat as die opwaartse mobiliteit van blanke werkers so optimisties as moontlik is, dan sal die jaarlikse benodigde toevoeging van arbeiders anders as blankes vir die verskillende geskoolde kategorieë wees soos in Tabel II, kolom 2, aangetoon. In kolom 1 word die jaarlikse toevoeging in die tydperk 1959-79 weergegee. Terwyl slegs 300 jaarliks tot die uitvoerende kategorie toegetree het, sal 3 800 jaarliks in die volgende 20 jaar moet toetree! D.w.s. 13 maal meer per jaar! Terwyl 8 000 hoogsgeskooldes in die vorige 20 jaar jaarliks toegetree het, sal 48 000 in die volgende 20 jaar jaarliks moet toetree. D.w.s. 6 maal meer

TABEL I

ARBEID : AANBOU vs. VRAAG

VRAAG

	1980 milj.	2000 milj.
Moderne Landbou	0,7	0,7
Huishulp	0,9	0,9
Ten volle in diens	5,5	10,8
(Wit kraag ten volle in diens)	(1,1)	(3,5)
TOTAAL MODERNE SEKTOR	7,1	12,4
PERIFERALE SEKTORE	3,4	5,2

AANBOD

Ekonomies aktiewe bevolking	10,5	17,6
Nie-ekonomies aktiewe bevolking	17,9	27,4
TOTALE BEVOLKING	28,4	45,0

TABEL II

BRUTO JAARLIKSE BENODIGDE TOEVOEGING TOT
ARBEIDSMAG ANDERS AS BLANKES

	1959-1979	1980-2000	Kere wat jaarlikse toename groter moet wees
	Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3
<u>WITKRAAG</u>			
Uitvoerend	300	3 800	13X
Hoogsgeskoold	8 000	48 000	6X
Minder geskoold	18 000	52 000	3X
	26 300	103 800	4X
<u>BLOUKRAAG</u>			
Geskoold	5 000	15 000	3X
Semi-geskoold	56 000	101 000	2X
Sub-Totaal	61 000	116 000	2X
TOTAAL	87 300	219 800	2,5X

Bron: Prof. J.L. Sadie, "Labour Force 2000" in Gesprek met die Toekoms, R.G.N., vol. 3, No.2, 1981, p.32.

per jaar. In die minder geskoolde witkraag- en geskoolde bloukraag kategorieë sal 3 maal meer moet toetree en in die semi-geskoolde bloukraag kategorie 2 maal meer. Terwyl die laaste drie kategorieë moontlik bereikbaar is, sal die eerste twee kategorieë waarskynlik nie bereik kan word nie.

Die geprojekteerde aanbod van arbeid in die jaar 2000 is 17,6 miljoen. Indien ons wel daarin sou slaag om teen 4,6 persent te groei (en die styging in die kapitaal/arbeid verhouding sou aanhou) sal 5,2 miljoen werkers 'n lewenstog in die perifere sektore, (d.w.s. in die tradisionele onderhoudsektor en in die informele sektor) moet vind. Ek dink dit is meer waarskynlik dat die groeikoers laer sal wees en dat tussen 6 en 7 miljoen arbeiders verplig sal wees om 'n lewenstog in die perifere sektore te maak. Indien meer as 'n derde van die werksmag steeds op 'n heenkome buite die moderne sektor aangewys is, sal die ongelykhede in die verdeling van inkome en die armoede in Swart en bruin geledere eerder verder vererger - iets wat ons kwalik kan bekostig.

Die vraag wat ons onself moet afvra, is watter veranderinge ons in ons investeringstrategie sal moet aanbring as ons 'n regverdiger en 'n stabielere stelsel wil skep en die mense op die periferie in 'n groter mate in die hoofstroom van ekonomiese en welvaartskeppende aktiwiteit wil betrek?

Ek wil vervolgens aandag gee aan die investeringstrategie wat ons sal moet volg as ons:

Eerstens, die Aanbod van geskoolde arbeid wil verhoog.

Tweedens, die vraag na veral ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid wil verhoog.

Maar hierbenewens wil ek ook let op:

Derdens, die dikwels verkeerde wyse waarop investeringsbesluite in die private sektor geneem word en die rol van die openbare sektor, en

Vierdens, op die wyse waarop ons die gewenste investeringsprogram sal moet finansier en wat die implikasies daarvan op die lewenspeil van die blankes gaan uitoefen.

I. INVESTERINGS EN DIE AANBOD VAN GESKOOLDE ARBEID

Oor die dringende noodsaaklikheid van groter besteding aan alle vorme van onderwys en opleiding en in die gevolglike groter investering in menslike kapitaal hoef ek u seker nie te oortuig nie. Prof. Sadie se projeksies bewys dit bo alle twyfel. Die de Lange-verslag het tot 'n

ooreenstemmende resultaat gekom. Dit is vandag algemene kennis dat ons besteding aan die onderwys van anderskleuriges in die afgelope 20 tot 30 jaar so ontoereikend was dat ons ons in 'n hoek vasgeverf het. Die owerheid se besteding op Swart en bruin-onderwys het skerp toegeneem in die afgelope vyf jaar. Maar dit is nog ver van toereikend. Dit baat niks dat die private en openbare sektor mekaar oor en weer beskuldig nie. Albei het skuld aan die tekort. Albei sektore sal afsonderlik en gesamentlik uit hulle pad moet gaan om die agterstand so goed as moontlik uit die weg te ruim. Vanweë die onmiddellike dringendheid van die probleem sal daar uit die aard van die saak baie aandag aan indiensopleiding gegee moet word en al hoe groter fondse sal deur sowel die private as die openbare sektore hieraan bestee moet word. Boonop sal baie meer aan die skoolastiese opleiding van anderkleuriges bestee moet word en sal blanke universiteite en teknikons steeds in 'n groter mate oopgestel moet word vir anderkleurige studente.

Die aanbod van veral anderskleuriges vir veral hooggeskoolde en leidinggewende poste, kan nie na wense verbeter word deur net meer aan die onderwys van anderskleuriges te bestee nie. Die lewensomstandighede van hierdie mense en die algemene infrastruktuur fasiliteite tot hulle beskikking, sal ook aanmerklik verbeter moet word en fondse ter wille daarvan sal gevind moet word.

'n Dramatiese verhoging van die effektiewe aanbod van geskoolde anderskleurige arbeid is 'n sine qua non as ons die wiele van die moderne sektor teen 'n gewenste tempo aan die draai wil hou. Maar van die anderkant gesien is die skepping van groter produksiekapasiteit in Swart en bruin geledere eweneens 'n noodsaaklike manier om die verdienvermoë van hierdie mense te verbeter en is dit boonop miskien die lofwaardigste wyse om die ergste armoede en die skerpste ongelykhede in die verdeling van inkome uit die weg te ruim. Maar dit gaan hoë bestedings verg en die blankes sal oor die kort en middeltermyn daarvoor moes opdok.

II. INVESTERINGS EN DIE VRAAG NA VERAL ONGESKOOLODE EN HALFGESKOOLODE ARBEID

Ons sal die vraag na veral ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid aanmerklik kan verhoog as ons ons investeringstrategie in ten minste drie opsigte dramaties kan verander:

- (a) indien investerings meer in arbeidintensiewe en minder in kapitaalintensiewe produksietegnieke kan plaasvind;

- (b) indien ons ons uitvoere van nywerheidsprodukte - veral nywerheidsprodukte wat 'n groot hoeveelheid Swartarbeid beliggaam - kan verhoog; en
- (c) as groter investering en die nodige hervormings in die informele en onderhoudsektore kan plaasvind.

(a) ARBEIDINTENSIEWE PRODUKSIE-TEGNIKE

Die eintlike oorsprong van ons probleme is dat S.A. nie 'n gewone Westerse land is nie, maar 'n mikrokosmos van die Eerste en die Derde Wêreld is. Ongelukkig bedien ons ons met 'n tipies Westerse ekonomiese stelsel en met tipiese Westerse lewenshoudings. Ons volg 'n investeringstrategie asof ons 'n gewone Eerste Westerse land is. In ooreenstemming met hierdie beleggingstrategie konsentreer ons in die moderne sektor op kapitaalintensiewe en arbeidbesparende investerings kompleet asof ons 'n Eerste Wêreldland is. In die afgelope 20 jaar het die kapitaal-arbeid-verhouding meer as verdubbel. Hierdie stelsel en hierdie beleggingstrategie lewer uitstekende resultate vir die Eerste Wêreldmense (sê 7 of 8 miljoen van die totale bevolking) wat volledig in die moderne sektor betrek is en dit lewer ook redelike goeie resultate vir 'n verdere 8 of 10 miljoen wat gedeeltelik by die moderne sektor betrek is. Iets wat ons blykbaar nie na wense besef nie, is dat ons ekonomiese stelsel en ons (d.w.s. die blankes) se lewenshouding baie onbevredigende resultate lewer vir die ongeveer 10 miljoen mense wat hulle byna volledig in die perifere sektore bevind.

Ons opereer met groot daadkragtigheid in 'n Afrika-land kompleet asof ons in Wes-Europa of Noord-Amerika is en ons geesgesteldheid t.o.v. die ekonomie is asof ons oogklappe aan het en gladnie die Derde Wêreldmense en hulle lot raaksien nie. Apartheid is nie net 'n politieke beleid nie. Dit is 'n struktuur wat o.m.ⁱⁿ 'n lewenshouding gevestig is. "It is all in the mind and very much so in the mind of the business world." Ons het in die afgelope 10 jaar baie gehoor van die sosiale verantwoordelikheid wat private ondernemings teenoor hulle werknemers moet uitleef. Daar is aanduidings dat die private sektor sy sosiale verantwoordelikheid heelwat beter begryp en uitleef as 10 jaar gelede. Maar dit is nog nie naasteby toereikend nie. Wat van die sosiale verantwoordelikheid wat nyweraars teenoor diegene het wat werkloos bly omdat kapitaalintensiewe produksie-tegnieke verkies word? Wanneer besef nyweraars dat dit hulle sosiale verantwoordelikheid in 'n Derde Wêreldland soos S.A. is om agteroor te buig om van arbeid-intensiewe produksietegnike gebruik te maak?

Die tegnologie wat ons ten duurste invoer en die navorsing en ontwikkeling (Research & Development) wat hier plaasvind, is byna uitsluitlik kapitaal-intensief en arbeidsparend georiënteerd. 'n Sodanige "R & D" is ten volle geoorloof en aangepas by die behoeftes van Wes-Europa en Noord-Amerika. So 'n "R & D" is ongeoorloof en totaal wanaangepas by die behoeftes van Suid-Afrika as synde 'n mikrokosmos van die Eerste en Derde Wêreld. Dit is nie net groot besighede wat hulle aan hierdie wanaangepaste navorsings-beleid skuldig maak nie. Die universiteite en die WNNR is klaarblyklik ewe skuldig. Ek weet dat die onderwerp van intermediêre tegnologie nie 'n populêre een is nie. Die beskuldiging is al gemaak dat daar min onderwerpe is waaroor so baie gepraat en so min gedoen word en waaraan so min gedoen kan word as juis hierdie een. Hierdie houding moet betreur word. Geen land in die wêreld verkeer in 'n ooreenstemmende mikrokosmos-situasie nie en min lande is beter geleë om ernstige navorsing i.v.m. intermediêre tegnologie te maak as juis Suid-Afrika. As ons wil beweeg in die rigting wat ek hierbo aangedui het, dan sal ons vordering in die rigting van intermediêre tegnologie moet maak. Ek het al dikwels gewonder of 'n bepaalde "state of mind" nie ook hier as 'n blokkasie funksioneer nie. Ons is so uitverkoop aan die Amerikaanse doeltreffendheidskultus en so behep met die idee van "the bigger the better" - veral as dit boonop ingevoer kan word - dat ons nie produksietegnieke kan ontwikkel wat pas by ons omstandighede nie. Dit is bitter jammer dat ons nie al lankal die besondere struktuur van ons vraag- en -arbeid reg ge lees het en 'n daarbypassende intermediêre-tegnologie-kultus ontwikkel het nie.

(b) VERHOOGDE SWARTARBEIDBELIGGAAMDE UITVOERE

Ek aanvaar dat dit nie nodig is dat ek die belangrikheid van verhoogde uitvoere hoef te motiveer nie. Ek wil slegs daarop wys dat as ons ons internasionale mededingende posisie wil behou ons inflasiekoers nie hoër as die van ons vernaamste handelsvennote durf wees nie. Indien ons ons internasionale mededingende posisie wil verbeter, dan sal ons arbeidsproduktiwiteit dramaties moet verbeter en dit bring ons terug by onderwys, opleiding en die goeie benutting van arbeid. Maar 'n verhoogde uitvoerpoging kan alleen funksioneel wees om ons probleem van chroniese onderindiensneming te verlig, as die verhoogde uitvoer in die vorm van 'n nywerheidsproduksie is en veral in die vorm van nywerheidsprodukte wat 'n groot hoeveelheid swart-arbeid beliggaam. 'n Besondere investeringsuitdaging is dus geleë in industrieë wat 'n potensiaal het om swartbeliggaamde nywerheidsprodukte uit te voer. As sodanige industrieë geïdentifiseer kan word, sal hoë subsidies ter wille van toepaslike investering meer as geoorloof wees.

(c) INVESTERING EN HERVORMING IN DIE INFORMELE SEKTOR EN IN DIE
BESTAANSEKONOMIE

Dit word dikwels gesê dat Suid-Afrika 'n dualistiese ekonomie het met 'n moderne sektor en 'n tradisionele bestaanseconomie. Ek dink dit is meer korrek om te beweer dat Suid-Afrika 'n drieledige ekonomie het en dat die informele sektor rondom ons groot stede en dorpe die derde en tussen-sektor is met 'n eie karakter wat hom heeltemal onderskei van sowel die moderne sektor as die bestaanseconomie. Indien ons die saak van die vraagkant van arbeid beskou, sal hierdie seker in die jaar 2000 waarskynlik verplig wees om tweekeer meer arbeiders te absorbeer as wat vandag die geval is (± 7 miljoen i.p.v. 3,4 miljoen). Maar wat belangrik is, is dat hierdie sektor so sal groei dat die 7 miljoen beter geakkommodeer sal word en groter welvaart sal geniet as wat die geval vandag is.

Indien mens let op die relatiewe belangrikheid van hierdie sektor as werk-gewer en as die skepper van welvaart, as oorgangsterrein na die moderne sektor en as buffer in tye van groter werkloosheid, dan is dit jammer dat daar so baie faktore is wat groter investering in hierdie sektor belemmer. In hierdie verband dink ek veral aan die oormatige reëls en regulasies - tipies Eerste Wêreld reëls en regulasies - wat dit dikwels moeilik en selfs onmoontlik maak vir informele entrepreneurs om te doen wat hulle graag wil doen - en dikwels moet doen om kop bo water te hou. Maar wat veral kommer wek is dat baie ondernemings in die moderne sektor (en daarom hoofsaaklik in blanke besit en beheer) 'n gevestigde belang opgebou het agter die verskanste muur wat die reëls en regulasies hulle bied teen mededinging van die informele sektor. Dit is nogal ironies dat mense wat so hoog opgee oor die verdienstes van die vrye mark hulle invloed gebruik om daardie reëls en regulasies wat hulle teen mededinging van die informele sektor beskerm, op die wetboek te hou. Dit is weer eens 'n geval van 'n geestesingesteldheid en van oogklappe wat voorkom dat mense die regmatige aansprake van informele entrepreneurs kan raaksien en 'n simpatieke houding teenoor die besondere aard van hulle ondernemingsprobleme ontwikkel. Ek wil hier die hoop uitspreek dat die Kleurlinge en die Asiërs hulle verteenwoordiging in twee afsonderlike Huise in die Parlement sal gebruik om as pleitbesorgers op te tree vir 'n simpatieker houding ten opsigte van die groot verskeidenheid (en die dikwels nog nie volledige geïdentifiseerde) probleme waarmee bestaande en potensiele entrepreneurs in die informele sektor te kampe het.

Benewens die informele sektor sal groot investerings gemaak moet word om die hoeveelheid en die kwaliteit van werkseleenthede in die bestaanseconomie

van veral die Onafhanklike en Selfregerende Swart state dramaties op te gradeer.

III. INVESTERINGSBESLUITE

Die rol wat die owerheid in die ekonomie moet speel en wat komplementêr en korrigerend t.o.v. dié van die private sektor en wat veral op die bevordering van die sosiale aspek van welvaart en op die langtermyn oorwegings gebaseer moet wees, is 'n groot en moeilike een wat ek nie nou in besonderhede kan ontleed nie. Ek voel my egter verplig om die beleggingsuitdaging - in die ruimste sin van die woord - van die openbare sektor (t.o.v. sowel fisiese as sosiale infrastruktuur en ten opsigte van die produksie van kollektiewe goedere en dienste) baie sterk te beklemtoon. Ek voel my hiertoe verplig omdat die oordrewe en (wat my betref) misplaaste klem wat op die verdienste van die vryemarke geplaas word, reeds daartoe gelei het dat die investeringsrol wat die owerheid moet speel te gering geskat en selfs gewantrou word.

Die enigste twee vrae wat ek in hierdie verband wil stel, is of die komplementerende, en die korrigerende rol wat die owerheid speel, sterk genoeg georiënteerd is t.o.v. die sosiale aspek van die welvaart van al die groepe en of dit langtermyn genoeg georiënteerd is. Albei hierdie vrae is baie belangrik omdat die private sektor geneig is om die private aspek van welvaart van veral die blanke gemeenskap te eensydig te bevorder en ook geneig is om met 'n relatief kort tydhorison - 'n veels te kort tydhorison - te werk. 'n Studie wat deur die Eenheid van Toekomstnavorsing op Stellenbosch onderneem is, dui daarop ^{dat} die meeste beleggingsbesluite in die private sektor geneem word met 'n tydshorison van hoogstens 5 jaar. Indien dit wel die geval is, dan is dit baie kommerwekkend. Dit dui weer eens op 'n "state of mind" wat ons nie kan bekostig as ons die Westerse beskawing in hierdie subkontinent wil handhaaf nie. Wat gedoen kan word om die teleskopiese vermoë van die ondernemers te verbeter, weet ek nie. Maar die owerheid sal in sy investeringsbeleid vir die "markmislukkings" moet kompenseer wat voortvloei uit die te korttermyn en die te privaat wins-georiënteerde benadering van die private sektor. Gevolglik sal die investerings in die openbare sektor relatief groot bly en moontlik 'n stygende neiging toon.

IV. DIE FINANSIERING VAN INVESTERINGS

Die finansiering van investerings gaan waarskynlik die moeilikste investeringsuitdaging in die volgende dekade of twee blyk te wees. Ons behoefte aan risiko kapitaal vanuit die buiteland is so groot dat dit

waarskynlik nie ten volle bevredig sal word nie. Wat binnelandse bronne betref, bly maatskappybesparings waarskynlik die belangrikste bron vir risiko investerings. Besparings as 'n persentasie van besteebare inkome het skerp gedaal hoofsaaklik as gevolg van die chroniese inflasie. Die owerheid is 'n groot mededinger vir belegbare fondse in die plaaslike kapitaalmark. Boonop is die geprojekteerde behoefte na belegbare fondse van 'n openbare korporasie soos Evkom astronomies groot.

Afgesien van die geweldige vraag na belegbare fondse, bestaan daar ook lastige probleme t.o.v. die aanbod of beskikbaarheid van fondse. Vanweë die hoë inflasiekoers hou baie verbruikers - ook die wat relatief ryk is - blykbaar net hulle institusionele besparings in die vorm van pensioenbedrae en versekeringspremies in stand. Maar nou wil dit voorkom asof daar 'n groeiende tendens by die groot instellings is om die institusionele besparings waaroor hulle vryelik kan beskik, nie juis aanwend vir risiko investerings nie, maar vir oornames en vir piramiedbouery. Dit is beslis 'n kommerwekkende neiging. Dit vorm part en deel van die oormatige konsentrasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die feit dat die agt grootste groepe nie minder nie as 80 persent van die waarde van die aandele op die Johannesburgse aandelebeurs beheer, is 'n baie ongelukkige strukturele kenmerk van ons ekonomie. Hierdie ongesonde magskonsentrasie is nog 'n bewys van hoe misplaats die vrye markretoriek in Suid-Afrika is. Die bewyslas dat hierdie groot groepe se aktiwiteite te alle tye die sosiale welvaart van die gemeenskap as geheel bevorder, rus tot 'n veel groter mate op die skouers van hierdie groot groepe as op ander private ondernemings. Hierdie groot magskonsentrasies kan uit 'n sosiale welvaarts-oogpunt net geduld word en hulle legitimititeit behou as hulle onomstootlike bewyse lewer dat hulle hul veel groter sosiale verantwoordelikheid teenoor veral die minder bevoorregte groepe, en die sosiale welvaart in die algemeen, goed begryp en volledig uitleef.

Maar ek bekommer my veral oor die wyse waarop die owerheid sy groot en groei investerings ter wille van die skepping van die nodige sosiale en fisiese infrastruktuur en ander investerings gaan finansier. Gesonde finansiële beleid vereis dat die sentrale regering nie meer as 20 persent van sy uitgawes deur middel van lenings sal finansier nie. Dit laat die sentrale regering met geen ander alternatief as om sy groot en groeiende investerings tot 'n groter mate uit belastinge te finansier nie.

Dit bring my by my finale stelling t.o.v. die investeringsuitdagings. Ons moet besef dat die investerings wat veral die owerheid (insluitende

die openbare korporasies) sal moet maak om die nodige sosiale en fisiese infrastruktuur vir die verskillende bevolkingsgroepe te skep, so astromies groot is dat dit nie moontlik is om hierdie investerings te maak én terselfdertyd die huidige hoë lewenstandaarde in veral blanke geledere te handhaaf nie. Ter wille van 'n investeringsbeleid wat volgehoue groei oor die langtermyn sal verseker en 'n styging in die sosiale welvaart van al die bevolkingsgroepe, sal bewerkstellig, sal die blankes eenvoudig daarmee genoeë moet neem dat hulle lewenstandaarde met 'n 20 persent of meer afgeskaal sal moet word in die volgende dekade of twee. As die blankes hulle posisie van verskansing, bevoorregting en relatiewe rykdom en mag onbelemmerd gaan probeer handhaaf, loop ons gevaar dat die wiele van ons kapitalistiese ekonomiese enjin kort voor lank tot stilstand kan kom. Die blankes kan slegs hoop op hoër lewenstandaarde op die heel langtermyn, maar dan slegs as die blankes die nodige strukturele hervorminge kan aanbring en as hulle bereid is om groot opofferings in hulle lewenstandaarde op die kort- en middeltermyn te maak sodat voldoende investerings gemaak kan word om groter produksiekapasiteit in Swart geledere te skep - ter wille van 'n hoër groeikoers én ter wille van 'n gelyker verdeling van inkome en vermoëns. Of die blankes daartoe in staat is om hulle langtermyn verligte eiebelang sorgvuldig te weeg en ter wille daarvan groot opofferings in rykdom, hoë lewenstandaarde en eensydige en verskansde politieke mag te maak, weet ek nie. Dit wil my voorkom dat die blankes te materialisties en te korttermyn georiënteerd is, om daardie soort langtermyn opofferings wat nodig is, te maak. Dit is weer eens 'n "state of mind" wat problematies is. Baie van die rykdom en uitspattighede in blanke geledere is totaal ongeoorloof en het geen funksionele betekenis ter wille van 'n hoër ekonomiese groeikoers of die skepping van groter sosiale welvaart nie. Maar dit is veral die rykmanskultus wat so naargestiglik in baie kringe vertroetel word, wat baie kommerwekkend is. Met so 'n soort lewenshouding sal ons nie bevredigende oplossings vir hierdie land se ernstige probleme kan vind nie.

Die investeringsuitdagings waarvoor ons te staan gekom het, sal net na wense aanvaar kan word as die mense van Suid-Afrika en veral die blankes se geestesingesteldheid sodanig kan verander dat hulle

- (a) minder materialisties
- (b) meer Afrika en Derde Wêreld
- (c) meer sosiale welvaart en minder private wins
- (d) en meer langtermyn georiënteerd kan raak.

U moet besluit of só 'n verandering in veral die blankes se geestes-
ingesteldheid moontlik is. Ek twyfel. Daarom gaan ons waarskynlik nie
daarin slaag om die uitdagings te aanvaar ter wille van daardie veel-
dimensionele dinamiek wat ons graag in 'n dinamiese Suid-Afrika wil reali-
seer nie.